**22 Maart**

**Skrifgedeelte: Numeri 23:13-26 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Numeri 23:19**

## Godgegewe getuienis handel oor God

Elkeen van ons het ’n eie storie om te vertel. Dinge in jou lewe wat vir jou goed of sleg, mooi of lelik, aangenaam of onaangenaam was, waaruit jy ’n besondere lewensles geleer het. Daardie eie ervaring wat jy op die harde manier self moes opdoen en waaruit ander mense ook iets kan leer.

Die ongeluk is egter dat ons goeie stories vandag al hoe meer in die plek van God se storie gestel word. Vir baie mense het die goeie stories die plek ingeneem van God se Woord. Maar my storie, maak nie saak hoe mooi dit is nie, gaan nie iemand wat in sak en as sit of wat groot probleme het, daaruit oplig nie. My storie gaan ook nie keer dat kinders verkeerde goed begin doen nie.

Die punt is dat niks in die plek van God se Woord die Bybel gestel kan of mag word nie. Veral nie as ons gedagte is om mense te help nie. Soos Totius dit pragtig berym het in Psalm 119 toe hy oor die Woord van die Here gedink het: *“Dis ’n lig van klare kennis wat die duisternis verjaag ...”* Hoekom? Want God self is die lig waarvoor elke duisternis sal swig. Daarom moet ons mooi kyk na dit wat die getuienis is wat ons aan mense wil lewer om hulle te help. Wanneer dit werklik sinvolle onderrig is en gepas is, is dit Godgegewe getuienis en dit moet ons onthou: *Godgegewe getuienis handel oor God* –

- God wat lig is.
- God wat gister, vandag en môre altyd dieselfde sal wees.
- God wat nie soos ’n mens is nie.
- God wat nie sal lieg nie.
- God wat nie van gedagte verander nie.
- God wat alles doen wat Hy belowe het.

*Sing: Psalm 119:39, 48 (1936)* *Ds. MJ Erasmus (Pretoria-Wonderboom-Suid)*